Heidelbergse Kategismus

Sondag: 50

Vraag 125: Wat is die vierde bede?

Antwoord: *Gee ons vandag ons daaglikse brood.* Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is, sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is, en dat al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie. Gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel.

Vraag 125: Wat is die vierde bede?

Antwoord: *Gee ons vandag ons daaglikse brood*. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is,



Psalm 104:27–28: 27 Hulle almal sien op na U om vir hulle kos te gee op tyd. Gee U vir hulle, raap hulle dit op; maak U u hand oop, word hulle versadig met wat goed is.

Psalm 145:15–16: Almal se oë is vol verwagting op U gerig, en U gee vir hulle hulle kos op tyd. Wanneer U u hand oopmaak, versadig U al wat lewe met wat hulle wil hê.

Matteus 6:25–26: "Daarom sê Ek vir julle, moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle sal eet, of oor wat julle sal drink, of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie. Is die lewe dan nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Let op die voëls van die hemel: Hulle saai nie en hulle maai nie, en hulle versamel niks in skure nie. Tog sorg julle hemelse Vader vir hulle. Is julle nie meer werd as hulle nie?

Vraag 125: Wat is die vierde bede?

Antwoord: *Gee ons vandag ons daaglikse brood*. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is, sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is,



Handelinge 14:17: maar tog het Hy geen onduidelike getuienis van Homself gegee nie, deur goeie dinge te doen: Hy het uit die hemel aan julle reën en vrugbare seisoene gegee, en julle liggame met kos en julle harte met vreugde gevul."

Handelinge 17:27: sodat hulle God kon soek, en miskien na Hom sou uitreik en Hom sou vind, aangesien Hy nie ver van een van ons af is nie.

Jakobus 1:17: Elke goeie geskenk en elke volmaakte gawe kom van bo af, van die Vader van die hemelligte, by wie daar geen afwyking of skadu van verandering is nie.

Vraag 125: Wat is die vierde bede?

Antwoord: *Gee ons vandag ons daaglikse brood*. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is, sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is, en dat al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie.



Deuteronomium 8:3: Hy het jou nederig gemaak, jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy nie geken het nie en jou voorouers ook nie geken het nie, sodat Hy jou kon laat verstaan dat die mens nie van brood alleen sal leef nie, maar dat die mens leef van elke uitspraak uit die mond van die HERE.

Psalm 37:3–6: Vertrou op die Here en doen die goeie, bewoon die land en waak oor betroubaarheid. Vind jou vreugde in die HERE, dan sal Hy jou gee wat jou hart begeer. Vertrou jou lewenspad aan die HERE toe, vertrou op Hom, en Hy sal optree. Hy sal jou geregtigheid soos die oggendlig laat verskyn en jou reg soos die middagson.

Psalm 37:16: Die bietjie wat 'n regverdige het, is beter as die oorvloed van baie goddeloses.

Psalm 127:1–2: As die HERE die huis nie bou nie, swoeg die bouers tevergeefs daaraan. As die HERE oor die stad nie wag hou nie, bly die wagte tevergeefs wakker. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, eers laat tot rus kom, kos eet wat moeisaam verkry is. Netsowel gee Hy dit aan sy geliefdes in die slaap.

1 Korintiërs 15:58: Daarom, my geliefde broers, wees standvastig en onwrikbaar, en wy julle ten volle aan die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie vergeefs is nie.

Vraag 125: Wat is die vierde bede?

Antwoord: *Gee ons vandag ons daaglikse brood*. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is, sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is, en dat al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie. Gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel.



Psalm 55:23: Werp jou las op die HERE; Hy sal jou versorg, Hy sal nooit toelaat dat die regverdige wankel nie.

Psalm 62:11: Moet op afpersing nie staatmaak, op plunder julle ydele hoop nie vestig nie. Rykdom, as dit toeneem – moet julle hart nie daarop sit nie.

Psalm 146:3: Moenie op vooraanstaandes vertrou nie, op ’n mens, by wie daar geen verlossing is nie.

Jeremia 17:5: So sê die HERE: “Vervloek is die man wat op mense vertrou, wat in mense sy krag vind, maar sy hart draai van die HERE weg.

Jeremia 17:7: Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, wie se vertroue die HERE is.

SONDAG: 50 - VRAAG EN ANTWOORD: 125

Vraag: Wat is die vierde bede?

Antwoord: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is[1], sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is[2], en dat al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie[3]. Gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel[4].

1 Psalm 104:27–28; Psalm 145:15–16; Matteus 6:25–26
2 Handelinge 14:17; Handelinge 17:27; Jakobus 1:17
3 Deuteronomium 8:3; Psalm 37:3–6; Psalm 37:16; Psalm 127:1–2; 1 Korintiërs 15:58
4 Psalm 55:23; Psalm 62:11; Psalm 146:3; Jeremia 17:5; Jeremia 17:7

Kopiereg

© 2026